Die gevolge van die natuurverskynsels in Césarea Philippi

115 Die Caesareërs was baie bang want hulle verwag verskriklike dinge wat, na hulle mening, oor die hele wêreld sou kom. Die Judeërs verwag die gerig wat deur Daniël voorspel is en die heidene die oorlog van die gode, en die gewone volk kom in opstand teen die leidinggewende figure deur hulle alle verdere gehoorsaamheid op te sê, en hulle begin selfs alles te verniel wat hulle maar teëkom. Kortom, na `n paar uur ontstaan daar in die stad `n groot chaos, waaraan egter die dom priesters die meeste skuldig was.

[2] Want `n aantal van hulle, wat opgelei was in die Egiptiese wysheid en kennis, bekommer hulle werklik nie so erg oor die plotseling verdwene skynson nie, omdat hulle uit die ou Egiptiese sages weet dat sulke verskynsels al meermale plaasgevind het, sonder verdere nadelige gevolge vir die aarde. Enkele fariseërs veronderstel egter dat daar waarskynlik `n tweede Josua opgestaan het, wat ter wille van die een of ander belangrike besigheid die son nogmaals beveel het om langer as normaal te skyn!

[3] Ook glo een bepaalde sekte van die Judeërs dat die son, ter ewige nagedagtenis van die dag van die algehele verowering van Jerigo, elke honderd jaar op die dag langer aan die hemel bly staan sonder enige verdere nadelige gevolge vir die aarde. Die fariseërs was dus ook vrywel nie bang vir die gebeurtenis wat plaasgevind het nie.

[4] `n Aantal towenaars uit die Môreland, wat as reisigers ook in die stad aanwesig was, sê dat die son altyd as dit oordag volledig verduister word, daarvoor later in die aand langer skyn om die aarde skadeloos te stel. Hulle het dus ook geen angs vir wat daar gebeur het nie. Maar almal wil die verskynsel gebruik om die volk `n werklik helse angs aan te jaag.

[5] Na die doof van die skynson stort die volk wel alle soenoffers wat deur die priesters aangeraai word, maar vir die bodemlose hebsug van die priesters was dit alles nog veels te min, want die volk offer nog nie álles wat hulle aan kosbaarhede en ander waardevolle dinge besit nie.

[6] `n Ou, eersame Griek, wat ook baie van die natuur af weet, bemerk die gemene streke. Hy versamel vinnig `n aantal meer kalm, nadenkende mense in sy huis en lê hulle so goed en so kwaad soos dit gaan, heel in kort uit dat so `n verskynsel heel natuurlik en totaal onskadelik is. Tewens maak hy hulle opmerksaam op die gewetenlose skurkstreke van die priesters deur daaraan toe te voeg: "Kyk, as daar gevaar sou dreig vanweë die seldsame verskynsel, sou die sluwe priesters nie so ywerig met hulle sakke in die strate rondhardloop om sulke ongehoorde offers af te pers nie! Wanneer oor `n paar uur die son gewoon weer net soos altyd in volle glorie sal opkom, sal hierdie mensbedrieërs wéér deur die strate hardloop om dankoffers van die mense te eis! Gaan en sê aan die arme, bedriegde volk dat die ou, wyse Griek hulle dit laat weet!"

[7] Wel, hierdie ou Griekse natuurkundige staan goed bekend by die gewone volk en sy mededeling gaan soos `n lopende vuurtjie deur die stad. In nouliks `n uur neem die jongste gerig `n wending en moes die priesters alle offers teruggee en daarna so vinnig moontlik voet in die wind slaan, want die volk word steeds kwater en geen gesalfde dienaar van die gode was sy lewe nog seker nie.

[8] Dit sien ek natuurlik vooraf al en daarom maak ek Ouran, enkele oomblikke voordat die onmiskenbare spore van die volksopstand teen die priesterdom sigbaar word, daarop attent - hoewel daar tog nog talle was wat in groot angs buite die stad op verskriklike gebeurtenisse wag.

[9] Spoedig na My aankondiging merk die mense hoe skielik verskillende geboue begin te brand en `n luide gehuil begin selfs tot ons ore deur te dring.

[10] Daarop kom Cyrenius met Julius in aller yl na My toe en vra My angstig wat daar in die stad aan die gang mag wees, want dit lyk gewis na `n volksopstand! Ek vertel hom en Julius egter heel in kort die hele toedrag van sake soos Ek dit sopas uit die doeke gehaal het.

[11] Toe Cyrenius en Julius dit hoor, word hulle weer heeltemal kalm en vra My slegs of daarvan tog geen ander, erge gevolge te wagte was nie.

[12] En **Ek** sê: "Vir julle nie in die minste, maar wel vir die priesters daar, want nou versoen die slimme, gewone volk die gode met die brandoffers van die woonhuise van die priesters en die tempel van die gode! Met hierdie priesters sal julle tog wel geen medelye hê nie, want die meer as slegte slanggebroedsel moet eendag uitgeroei word! Die skynson het goeie lig gegee, want dit maak vir die blinde volk die skanddade sigbaar van hulle priesters, wat nou hul welverdiende loon kry!"

Die vreugde van Markus oor die bestraffing van die priesters

116 Toe ontwaak Helena uit haar sagte en geluksalige liefdesluimer en skrik behoorlik toe sy die drukte by die mense op die berg opmerk, en tewens die brandende stad sien. Maar Jarah vat haar dadelik aan die hand en lê haar die hele toedrag uit, waarna Helena gou rustig word en sê: "In my hart voel ek `n uur gelede al dat hierdie stad direk na die skielike verdwyning van die skynson haas onvermydelik so `n lot te wagte sou staan, en kyk nou, daar voltrek hom reeds sigbaar en hoorbaar my vae verwagting! U, Meester, was dit beslis al van plan met die skynson en eers nou kom die ware rede tevoorskyn waarom U dit laat skyn het!"

[2] **Ek** sê: "Ja, ja, liewe kind, dit sou wel so kon wees! `n Lig, wat Ek aan die hemel geplaas het, is altyd daar om `n aantal goeie redes en nie slegs om te skyn nie, wat eintlik slegs `n baie ondergeskikte newedoel is.

[3] Kyk maar eers na die lig van die son! Die lig op sigself het `n heel ondergeskikte betekenis, maar as jy die uiterlike van alle vrye en onvrye skepsels van die aarde bekyk, sal jy gevolge van die lig en die warmte van die son ontdek waarvan nog geen natuurgeleerde op aarde ooit gedroom het nie! Alles gevolge van die sonlig!

[4] Slegs hierdie aarde al sou jou soveel verskillende wonders as gevolg van die sonlig kon laat sien, dat jy dit in duisende jare met die liggaamlike oë nie sou kon oorsien nie, en nog minder sou kon tel nie!

[5] Maar rondom hierdie son, waarvan die lig op hierdie aarde al sulke groot wonders teweegbring, sirkel nog talle ander en nog groter aardes. Dieselfde lig bring daar heeltemal nuwe en vir hierdie aarde onvoorstelbare wonders teweeg, en wel op elke hemelliggaam wat deur hierdie son verlig word, heeltemal nuwe, wat op geen ander hemelliggaam voorkom nie! En dit alles ontstaan deur die uitwerking van één en dieselfde lig!

[6] En so kan jy gewis met sekerheid aanneem dat Ek die skynson ook nie slegs maar laat skyn het vanweë die bietjie langer blywende lig nie! -Wat dink jy daarvan, lieflike dogter?"

[7] **Helena** sê: "O Meester, U Magtige, U alleen Gewyde, daarby skiet elke menslike mening te kort! Want U is so eindeloos groot en wys en wie kan die dieptes van U almag deurgrond?!

[8] Dit is al iets oneindig verhewe dat ek U bo alles kan liefhê en my gelukkig kan voel in die liefde, wat my hart nooit heeltemal waardig kan wees nie! Maar ek sou dit vir `n menslike hart die toppunt van dwaasheid vind om U gewyde, goddelik onnaspeurbare wese van naderby te wou ondersoek! Dit is my mening, o Meester!

[9] Mens kan U wel bo alles liefhê en dit vind ek al die hoogste saligheid, maar U is ewig deur geen gees te deurgrond nie!"

[10] Na hierdie van groot liefde tot My nog natrillende woorde van die mooie Helena, kom die oue **Markus** en sê: "Meester, deur daardie vuur sal waarskynlik al die mooi visse, wat ek aan die Judese priesters as tiende moes afstaan, ook flink gekook en gebraai word!? U weet, o Meester, dat ek van ganser harte vir elkeen soveel as in my vermoë lê, gasvry is. Helaas, wanneer ek iemand iets kan gee, doen dit my waarskynlik altyd meer plesier as die een wat iets van my kry, maar die tiende vir die fariseërs het my tot in my hart vererg! En soos wat ek sien, staan merendeels die huise van die Judese priesters nou pragtig en brand! Dit is `n beste betaaldag vir hierdie gewetenlose leeglopers en volksverleiers! Dit geval my nou beter as wanneer iemand my tien van die mooiste huise in die stad sou geskenk het! Ek is nooit `n mens gewees wat leedvermaak het nie, maar hierdie keer - vergeef my o Meester, - is ek vol daarvan!

[11] Om `n behoeftige iets te gee, is `n genot vir `n goeie mensehart, en om `n arbeider die verdiende loon en iets ekstra te gee, is die mees gewyde plig van `n mens. Om `n landheer die vasgestelde, wetlike belasting te betaal, is ook `n gewyde plig vir elke regskape staatsburger, want die vors het groot sorge en koste vir die orde en sekerheid in sy land, en die onderdane is deur naasteliefde verplig om alles te doen wat die landvoog heilsaam vind vir die hele staat en wat hy van die onderdane eis.

[12] Daar kan onder die vorste ook wel selfsugtige tiranne voorkom wat die volk volledig uitsuig, maar na `n tiran volg gewoonlik weer `n goeie vors en dan kom die volk weer vinnig op krag.

[13] Maar die priesterdom verander nie. Dit tiranniseer soos `n vampier talle jare lank `n volk, hef dikwels op ongehoorde, skandelike wyse belastings en gee die volk daarvoor niks terug nie, behalwe die grofste bedrog, en dit so moontlik op alle denkbare maniere! Ja, dan moet `n man van eer JaHWeH Elohim tog loof en prys as Hy eens `n oordeel oor hierdie sewevoudige mensehaters en mensebedrieërs laat kom! En daarom is dit nou egte balsem vir my siel dat ek veral die mooi woonhuise en sinagoges van die Judese fariseërs oordek sien met die pragtigste vlamme en dit nog wel op `n voorsabbat. Môre is dit sabbat en die kêrels mag niks insamel of iets anders doen nie. O, so `n goeie les het hierdie ou, onversadigbare booswigte lankal verdien!"

[14] **Ek** sê: "Maar hoe weet jy dan dat hierdie stadsverligting juis gerig is teen die fariseërs en ook teen die heidense priesters?"

[15] "O" sê **Markus**, "ek was net onder in die huis om vir môre bietjie aanwysings te gee ten behoewe van die armes wat my môre sou kon opsoek. Toe kom daar drie jong Grieke vir u, vir wie ek brood en wyn laat gee en wat my in ‘n voëlvlug vertel hoe dit nou in die stad daaraan toegaan. Ek wou elkeen van hul woorde gewis met `n groot pêrel vergoed, so `n genoeë het dit my gedoen! Die skynson het hierdie pragtige resultaat veroorsaak!"

[16] **Ek** sê: "Maar môre sal jy tog vir jou vreugde moet boet, want van die fariseërs sal daar baie by jou kom eet. "

[17] **Markus** antwoord: "Baie graag, vir hierdie plesier wil ek die kêrels wel agt dae lank te ete gee, miskien word daardeur één van hulle nog eendag mens; - by U, o Meester, is alle dinge moontlik!"